

# St. Johannes Chrysostomus

## 13 September

(c.349-407)

Hierdie biskop en Kerkleraar het oor die merkwaardige vermoë beskik om diepsinnige gedagte, groot geleerdheid en teologie onder woorde te bring sodat almal dit kon begryp. Hy was inderdaad ‘n mens met ‘n goue mond (dit is wat Chrysostomus beteken). As patriarg van Konstantinopel gebruik hy sy welsprekendheid om die korrupsie van die keiserlike hof aan te spreek. Dit bring hom die gramskap van die keiserin op die hals. Hy het moedig alle teenslae verduur, selfs toe hy verban word. Uiteindelik sterf hy tydens sy laaste ballingskap, uitgeput van die ontberinge wat hy ter wille van die waarheid moes verduur.

© Die Oratorium Uitgewery